

Vrydag 23 November

Skrifgedeelte: Sagaria 11:4-17

Fokusgedeelte: Sagaria 11:9

Volg jou Herder met geloofsvolharding!

Een van die kenmerke van die profesie van Sagaria is hoe gereeld aankondigings van redding en oordeel mekaar afwissel. In ons gelese gedeelte kondig die Here gerig en straf aan oor sy afvallige volk – die deel van sy volk wat Hom deur hulle ongelooft en ongehoor-saamheid verlaat het. In hoofstuk 13:7-9 hoor ons iets soortgelyks.

Vir seker het hulle herders – hulle konings, profete, priesters en ander leiersfigure – tot hulle geestelike afvalligheid bygedra. Tog het hulleself ook as skape daaraan skuld gehad en nie hulle verantwoordelikhede opgeneem nie. Die Here stuur Sagaria as herder na die skape, sy volk. Hyself tree deur sy profeet soos 'n herder op vir hulle. Sagaria moet twee keries saanneem, met die name Vriendelikheid en Vereniging. Die volk het egter moeg geword vir Sagaria, en daarmee ook vir die Here se herderskap. Dit sou daartoe lei dat die Here hulle aan hulleself sou oorlaat en so sou sy oordeel en straf hulle tref. Die keries met die wonderlike name sou stukkend geslaan word.

Hierdie gedeelte stel ons voor die verskriklike werklikheid van die Here se oordeel en straf oor sy afvallige verbondsvolk. So word ons elkeen opnuut gekonfronteer met die vraag: Hoe lyk my verhouding tot die Here wat ook in liefde vir my 'n herder wil wees? Dit moedig ons aan om met 'n opregte en volhardende geloof aan die Here vas te hou.

Die gedeelte wys onder meer heen na dié goeie Herder, ons Here Jesus. Die Herder vir Wie sy volk moeg geword het, vir Wie hulle uitgewerp het en laat kruisig het. Die Herder wat deur Judas verraai is vir 30 silwerstukke. Tog het Hy as goeie Herder sy lewe juis vir sy skape afgelê.

Elkeen wat met geloofsvolharding deur die kragtige werking van die Heilige Gees tot die einde van die lewenspad aan Hom vashou, is vir ewig deel van die kudde van die Here. Dan hoef jy nie die eindoordeel te vrees wanneer ons Here Jesus met sy wederkoms as Opperherder gaan verskyn om oor alle mense te oordeel nie.

Sing: Psalm 138-1:3, 4

Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)